

10. Die Here straf sy ongelowige volk

Exodus 34 , Lev. 9 en 10, Num. 9 - 14, 16 en 17

God eis gehoorsaamheid

Israel vertrou nie op die Here nie, maar doen dit wat goed is in hul eie oë. Daardeur bring hulle die Here se straf oor hulle. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- God is genadig al sondig sy volk.
- Die Here laat sy volk se ongehoorsaamheid nie ongestraf bly nie.
- God duld geen opstand teen sy gesag nie.

Moses klim weer op die berg

Nadat die verbond herstel is, moet Moses weer op die berg klim om nuwe kliptafels te ontvang. Die eerste twee kliptafels met die Tien Gebooe daarop het hy gebreek. Moses maak twee ander tafels waarop die Here die Tien Gebooe skryf. Al bly Moses soos die vorige keer 40 dae en 40 nagte op die berg, raak die volk nie weer afvallig van God nie. Toe Moses van die berg afkom, blink sy gesig as gevolg van die heerlijkheid van God só, dat hy dit met 'n sluier moet toemaak wanneer hy met die volk praat.

Hierna bly die Israëliete nog 'n jaar lank by Sinai. Baie sake moet gereël word. Hulle is die verbondsvolk van God. Hy is hul Koning en Hy wil hê dat hul lewe ordelik moet wees. Daarom ontvang hulle allerlei wette om hul godsdienstige en maatskaplike lewe te reël. Hierdie wette en voorskrifte is in die boeke Levitikus en Deuteronomium opgeteken.

Die volk moet by Sinai die tabernakel bou. Dit is 'n groot tent wat 'n simbool of teken is van God se teenwoordigheid by die volk. Die tabernakel is gereed en word op die eerste dag van die eerste maand (Abib) ingewy, 'n jaar na hulle uittoeg uit Egipte. Nadat die tabernakel ingewy is, kom die wolkkolom van die berg af en bedek die tabernakel. Die Here woon nou by sy volk. Daarom moet die tabernakel opgeslaan word waar die volk laer opslaan.

Gedurende hul verblyf by Sinai vind daar 'n tragiese gebeurtenis plaas. Aäron en sy seuns word deur God afgesonder vir die priester- en offerdiens. By die eerste offerande van Aäron steek God self die offer uit die wolkkolom aan. Daarna offer twee van Aäron se seuns, Nadab en Abihu, sonder dat die Here hulle opdrag gegee het. Dit is eiewillige godsdienst, omdat hulle nie die eer van God soek nie, maar optree soos hulle self goed dink. Al twee word deur 'n weerligstraal uit die wolkkolom voor die oë van die volk gedood.

Israel vertrek uit Sinai

Die Israeliete vier die eerste Pasga in die woestyn by Sinai. Hulle dink terug aan die verlossing uit Egipte. Hierdie keer kan hulle egter die Pasga rustig vier. Die wolkkolom bokant die tabernakel is hul waarborg dat die Here met hulle is. Hulle staan nou ordelik, volgens stamme, rondom die tabernakel.

'n Paar weke later lig die wolkkolom van die tabernakel af op en begin beweeg. Alles verloop op 'n ordelike wyse. Die ark word deur die Leviëte gedra en hulle vertrek eerste. Dan volg die volk in afdelings volgens hul stamme, elk met sy eie aanvoerder en met sy eie vaandel aan die voerpunt. Die stam van Juda is eerste. Elke keer as hulle moet trek, beweeg die wolkkolom van die tabernakel af weg. Dit kom dan weer tot stilstand by die plek waar die volk laer moet opslaan. Telkens wanneer die ark beweeg of stilstaan, bid Moses tot die Here. Moses se swaer, Hobab, trek saam met hulle weg uit Sinai. Hy ken die woestyn goed en is vir hulle van groot hulp. Van Sinai af trek hulle in 'n noordelike rigting na die woestyn Paran.

Tabera

Na 'n reis van drie dae trek die volk laer by Tabera. Die volk kla weer oor hul omstandighede. Die Here word kwaad en die vuur van die Here (moontlik 'n weerligstraal) steek die kant van die laer aan die brand. Moses tree weer vir die volk by God in. Op Moses se gebed gaan die vuur dood. Hulle noem die plek Tabera wat "plek wat brand" beteken.

Kibrot-Hattaäwa

Die trek het nie ver gevorder nie of die volk kla weer oor hulle kos wat elke dag dieselfde is. Hulle is lus vir vleis en verlang terug na die vis, komkommers, waatlemoene en uie wat hulle in Egipte geëet het. Moses raak ongeduldig met die volk wat bly kla. Hy wil by die Here weet waarom Hy hom met so 'n groot taak belas het. Die las om die volk te lei, raak vir hom te swaar.

Die Here bewys weer sy genade. Hy gee opdrag aan Moses om 70 manne van die oudstes van die volk voor die tabernakel bymekaar te roep. God vervul hulle met sy Gees sodat hulle begin profeteer. Twee van die 70, Eldad en Medad, bly in die laer agter om te profeteer. Josua wil hê dat Moses dit belet, maar Moses dink nie so nie. Hy wens eerder dat die hele volk profete was wat deur die Here se Gees besiel word. Dit wat Moses wens, word later deur die profeet Joël geprofeteer⁷⁵ en op die Pinksterdag vervul met die uitstorting van die Heilige Gees.

Die Here gee aan die volk die vleis wat hulle so graag wou hê, maar straf hulle terselfdertyd omdat hulle so ondankbaar was. God beskik 'n wind wat duisende kwartels na die laer aanwaai, sodat hulle later 'n driekwart meter hoog in die kamp lê. Die volk is baie bly en tel sakke vol kwartels op om te eet. Hulle is egter te begerig. Ook daarvoor straf die Here hulle. 'n Vreemde siekte breek onder hulle uit en baie Israeliete sterf en word begrawe. Daarom noem hulle die plek Kibrot-Hattaäwa wat "grafte van die wat begeer het" beteken.

Mirjam en Aäron kom in opstand

Moses trou met 'n Kusitiese vrou. Die Kusiete is afkomstig uit Ethiopië in Afrika. Sy eerste vrou Sippora is waarskynlik al oorlede. Mirjam en Aäron verkwalik hom dit. Hulle sê vir Moses dat die Here nie net met hóm praat nie, maar ook met hulle. Mirjam is immers 'n profetes en Aäron die hoëpriester. Eintlik is hulle net jaloers op Moses en trek sy leierskap in twyfel.

Die Here laat hulle en Moses na die tabernakel kom en wys hulle daarop dat Hy direk met Moses praat. Dit is anders as met die ander profete, wat gesigte sien of drome droom. As straf word Mirjam melaats. Op Aäron se versoek bid Moses tot God en Hy neem die melaatsheid weg. Volgens die bevel van die Here bly Mirjam sewe dae buite die laer voor hulle verder trek.

Die verspieders

Die volk trek deur die woestyn Paran en kom by die suidelike grens van Kanaan. Op bevel van die Here stuur Moses twaalf verspieders uit, een vir elke stam, om die land te verken. Hulle gaan tot in die noorde van Kanaan en kom na 40 dae by die laer terug. Hulle is baie beïndruk met die vrugbaarheid van Kanaan en bring van die vrugte as bewys saam, onder andere 'n druiwetros so groot dat twee mans dit met 'n stok moet dra.

⁷⁵ Joël. 2: 28 En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien.

Die verspieders rapporteer dat die stede in Kanaan groot en sterk is en dat hulle reuse gesien het. Baie van hulle is bang vir die Kanaaniete en tien verspieders raai die volk af om Kanaan in te val. Net twee, Josua en Kaleb, vertrou op die Here en beveel aan dat die volk Kanaan binnetrek. Die volk is ontsteld en huil dwarsdeur die nag. Hulle verwyt Moses en Aäron omdat hulle die volk uitlewer aan die Kanaaniete. Hulle moes eerder in Egipte gebly of in die woestyn gesterf het. Die volk wil 'n ander leier hê wat hulle sal teruglei Egipte toe. Hulle wil Josua en Kaleb stenig, maar dan verskyn die heerlikheid van God in die tabernakel. Die Here wil die hele volk uitroei en van Moses 'n groot nasie maak. Weer pleit Moses. Die eer van God is op die spel. Die nasies sal spot en sê dat die Here Israel vernietig het omdat hulle nie Kanaan kon inneem nie. Later vertel Moses dat hy intens vir die volk moes pleit sodat God nie die volk sou uitdelg nie.⁷⁶

Die Here verhoor Moses se gebed, maar Hy straf sy ongelowige volk. Niemand ouer as 20 jaar sal Kanaan binnetrek nie. Almal behalwe Josua en Kaleb sal 40 jaar in die woestyn rondswerf en daar sterf. Hulle kinders sal wel Kanaan binnetrek. Die tien ongelowige verspieders sterf onmiddellik. Die volk probeer hul ongeloof regstel. Teen Moses se raad in loods hulle 'n inval in Kanaan. Hulle lei egter 'n verpletterende nederlaag omdat God nie met hulle is nie.

Die omswerwinge in die woestyn

Die volk moet by Kades, op die grens van Kanaan, omdraai aangesien hulle nie op die Here vertrou het nie, maar bang was vir die Kanaaniete. Hulle is reeds twee jaar in die woestyn en sal nog 'n verdere 38 jaar in die woestyn rondswerwe.

Die omswerwinge in die woestyn gaan met baie moeite en ontberings gepaard. Die grafte van baie Israeliete lê in die woestyn versprei. Van al hul wedervaringe gedurende hierdie tyd word slegs enkele gebeurtenisse in die Bybel opgeteken.

Korag, Datan en Abiram kom in opstand

Die volk blameer Moses en Aäron weer vir die moeilike omstandighede waarin hulle hul bevind. Hul leierskap is gereeld in die spervuur. Die volk wil nie aanvaar dat Moses en Aäron deur God geroep is om hulle leiers te wees nie. Hulle opstand teen Moses en Aäron is daarom in wese 'n opstand teen die Here

⁷⁶ Deut. 9: 25 En ek het neergeval voor die aangesig van die HERE, die veertig dae en veertig nagte wat ek neergeval het, omdat die HERE gesê het dat Hy julle wou verdelg.

Drie manne wat belangrike posisies beklee, naamlik Korag, Datan en Abiram, kom in opstand teen Moses en Aäron. Korag is uit die stam van Levi en Datan en Abiram uit die stam van Ruben. Korag is jaloers op Aäron en sy seuns, aan wie die Here die priesterskap toevertrou het. Hy oordeel dat hy, omdat hy net soos Aäron en sy seuns uit die stam van Levi afstam, daarom ook die priesterdiens mag verrig. Datan en Abiram het dit weer teen Moses se leierskap. Hulle is uit die stam van Ruben, Jakob se oudste seun, en oordeel dat hulle die volk moet lei.

Korag, Datan en Abiram geniet gou 'n groot aanhang onder die volk. Meer as 250 verneme mans skaar hulle by die drie opstandiges. Toe die bende by Moses en Aäron aankom, is Moses so teleurgesteld dat hy met sy gesig op die grond val. Op bevel van die Here gee Moses aan Korag en sy bende opdrag om die volgende môre na die tabernakel toe te kom, elkeen met sy vuurpan en reukwerk. Dan sal die Here self wys wie Hy as priesters verkies het. Aäron sal ook daar wees.

Om die reukoffer te bring is 'n belangrike taak van die priester. Dit stel die priester se gebede vir die volk voor.⁷⁷ Net soos die rook van die wierook opstyg wanneer dit gebrand word, so styg die gebede van die priester op na God. God bly lankmoedig. Korag en sy volgelinge kry nog die geleentheid om te besin oor hul ongehoorsaamheid, maar hulle bly egter hardnekkig volhard in hul sonde.

Die volgende môre daag Korag en sy bende by die tabernakel op. Hy het die volk opgeroep om te kom kyk wat gaan gebeur. Die heerlikheid van die Here verskyn in 'n ligglans bokant die tabernakel. Moses laat Datan en Abiram roep aangesien hulle nie opgedaag het nie. Hulle weier egter om Moses te gehoorsaam en tree opstandig op. Die Here wil die hele volk vernietig en gee aan Moses en Aäron die opdrag om hulle van die volk af te skei. Moses en Aäron bid vurig dat die Here nie die hele volk moet straf omdat een man gesondig het nie. Die Here verhoor hulle gebed, maar die skuldiges sal hul verdiende straf ontvang.

Korag, Datan en Abiram word gestraf

Die oordeel van God tref die skuldiges. Die volk moet hulle verwyder van die tente van die goddelose manne. Moses laat die beslissing tussen wie reg en verkeerd is aan God oor. As hulle op 'n natuurlike wyse sterf, is hy nie deur

⁷⁷ Op. 8: 3 En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê;

God gestuur nie. Sterf hulle egter op 'n onnatuurlike wyse, deurdat die grond sy mond oopmaak en hulle lewend insluk, het hulle God verag en is Moses wel deur God gestuur om die volk te lei.

Terwyl Datan en Abiram nog uitdagend voor hul tente staan, skeur die grond onder hulle oop en verdwyn hulle en hul families, met al hul besittings, onder die grond. God se wraak tref ook Korag en sy volgelinge. Terwyl die mense wegvlug van die plek waar die aarde oopgeskeur het, word Korag en sy bende deur 'n vuur van die Here by die tabernakel verbrand. Korag se seuns word egter gespaar. Hulle nageslag is die Koragiete wat later as drumpelwagters by die tabernakel diens gedoen het.⁷⁸ Dawid het hulle ook aangestel om die sang in die huis van die Here te behartig.⁷⁹

Op bevel van die Here gee Moses aan Aäron se seun Eleasar die opdrag om al die vuurpanne van Korag se bende te versamel en hulle dan in dun plate te slaan. Die plate word gebruik om die brandofferaltaar mee oor te trek. Dit moet dien as 'n waarskuwing vir die volk dat geen onbevoegde persone hulself as priesters mag aanstel nie.

Die volgende dag beskuldig die volk Moses en Aäron daarvan dat hulle hul eie volk doodmaak. Terwyl die volk nader kom, verskyn die heerlijkheid van die Here oor die tabernakel. God sê vir Moses dat Hy die hele volk wil vernietig en dat Moses en Aäron hulle van die volk moet afskei. Moses stuur dadelik vir Aäron om sy vuurpan te neem en reukwerk te offer as versoening vir die volk. Die oordeel van die Here het reeds begin en mense val dood neer. Terwyl Aäron met die reukoffer tussen die volk deur beweeg, is die Here weer genadig deur die plaag te laat stop. Meer as 14 700 mense het reeds gesterf.

Aäron se optrede as hoëpriester wat vir die volk intree, wys heen na Christus. Christus is die ware Hoëpriester wat met die offer van sy bloed die sondes van die volk versoen.⁸⁰

78 1 Kron. 9: 19 En Sallum, die seun van Kore, die seun van Ebjasaf, die seun van Korag, en sy broers uit sy familie, die Koragiete, was oor die dienswerk, as drumpelwagters van die tent, omdat hulle vaders by die laer van die HERE die ingang bewaak het.

79 1 Kron. 6: 31 En dit is hulle wat Dawid aangestel het vir die leiding van die sang in die huis van die HERE vandat die ark 'n rusplek gevind het.

80 Heb. 2: 17 Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen.

Die staf van Aäron

Moses kry opdrag van die Here om twaalf stawwe, een vir elke stam, in die tabernakel te sit. Die volgende môre is Aäron se staf vol bloeisels en amandels. Die staf word in die ark gesit as teken dat Aäron tot die priesterskap verkies is. Die amandelboom is die eerste boom wat in die lente bloei. Die Hebreeuse woord vir amandelboom beteken "wakende". God waak oor sy volk. Dit verwys ook na die verlossingswerk van Christus wat nuwe lewe aan sy volk skenk.

Aanbevole leesstukke

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 229 – 264 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 119 – 126 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 170 – 180 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 250 - 259 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 1: Genesis – Josua. Pretoria: DBU. 98 – 135 p.